**5 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 17:1-10 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Genesis 17:7 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## God sluit met die mens ’n verbond, van geslag tot geslag

Het die verbond wat God met Abraham in Genesis 17 gesluit het, vir Nuwe-Testamentiese gelowiges nog enige betekenis in 2014? Daar is heelwat mense wat sal beweer dat dit nie meer betekenis het nie, want ons lewe mos onder ’n nuwe verbond. Hebreërs 8 leer ons immers dat Jesus Christus die Hoëpriester is van ’n nuwe en beter verbond, en dat die ou verbond uitgedien is (Heb. 8:13). Wat hulle egter vergeet, is dat God by meer as een geleentheid ’n verbond met sy volk opgerig het. Ons lees byvoorbeeld in Genesis 9 van ’n verbond met Noag. In ons teksgedeelte lees ons van die verbond met Abraham. In Eksodus 24 lees ons van die verbond met Moses.

Wanneer jy Hebreërs 8 mooi lees, sien jy Hebreërs 8 praat van die verbond met Moses. In hierdie verbond met Moses stel die Here verbondseise vir die tabernakel, offerdiens, kleredrag van die priesters, ensovoorts. En ja, vandat ons Hoëpriester die groot soenoffer aan die kruis gebring het, is hierdie verbond met al sy offers uitgedien.

Dit beteken egter nie die verbond met Abraham is ook uitgedien nie. Ons teksvers leer ons immers dat dit ’n *ewige verbond* is (1933/53-vertaling). Ons sien ook in Hebreërs 8:10 dat die inhoud van die nuwe verbond dieselfde is as die inhoud van die verbond met Abraham in ons teksvers: *Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.* Die verbond met Abraham en die nuwe verbond is wat inhoud betref dus dieselfde, dit is slegs die teken van die verbond wat verander het (Kol. 2:11-12). In Galasiërs 3 en Romeine 4 is dit baie duidelik dat elkeen wat waarlik glo die nageslag van Abraham is. En wanneer jy Abraham se nageslag is, dan geld die verbond en die beloftes daarvan ook vir jou vandag. Ook steeds in 2014.

*Sing: Psalm 105:2, 5 (1936)*

*Teologiese Student M Floor*